NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2025

Deur **Aanbidding** wat leef vanuit die erediens
en ons gebedslewe, groei ons

2025.14

Psalm 104; Filippense 4:19; Matteus 6:21 + 5:13-14; Psalm 23:1-3; Matteus 6:11; Matteus 6:25-34 [Johannes 14:27; 2 Korintiërs 1:4; 2 Timoteus1:7; Efesiërs 1:3; Filippense 4:12].

My dankoffer is 'n teken van God se voorsiening

Die Here is my voorspoed
Hy sal vir my voorsien
Soos 'n Pa sorg vir sy kinders
Gee Hy meer as wat ek ooit sou kon verdien Flam 527

Daar is meer as 169 verse in die Bybel wat verwys na wyses hoe God vir ons voorsien. Filippense 4:19 stel dit eenvoudig: "*En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus*." Terwyl soekers na welvaart gedurig op soek is na meer, moet ons in diepte kyk na wat God graag vir ons wil voorsien.

Soos enige goeie ouer sal God nooit vir ons gee wat ons kan skade aandoen nie. Sy intensie is om ons te help ontwikkel om soos Christus te wees, dat ons sout en lig in die wêreld kan wees (Matteus 5:13-14).

God onderskei tussen ons behoeftes en ons nood, want Hy weet dat waar ons skat is, is ons hart ook (Matteus 6:21). Hy wil hê dat ons moet besef dat die wêreld nie ons tuiste is nie en dat 'n gedeelte van wat ons benodig, is om ons fokus te skuif na die ewige lewe, terwyl ons steeds hierdie een op aarde leef.

Ons kan Sy goedheid vertrou, Sy leiding en herderlike omgee om meer vir ons te doen as wat ons ooit op ons eie kan behaal. God voorsien vir ons 'n weg om 'n intieme, gemeensame, gehoorsame verhouding met Hom te ontwikkel, sodat ons onsself en ander in 'n "Psalm 23"-lewenskwaliteit kan inlei. Hulle wie se herder die Here is, kan sê, "*Ek kom niks kort nie*" (Psalm 23:1).

Baie gedeeltes oor God se voorsiening hou verband met ons behoefte aan kos en klere en die daaglikse, fisiese behoeftes van die lewe. Ander verwys na die behoeftes van ons siel en gees, ons innerlike wese. Hy voorsien ons van vrede (Johannes 14:27), vertroosting (2 Korintiërs 1:4) en "*krag en liefde en selfbeheersing*" (2 Timoteus 1:7). Dit is so: Hy het ons "*geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is*" (Efesiërs 1:3). In watter fisiese toestand ons ookal is, kan ons tevrede wees in die Here (Filippense 4:12).

God se voorsiening brei uit ten opsigte van Sy voortdurende verhouding met Sy hele skepping, wat diep afhanklik is van Hom (Psalm 104:21). Dikwels aanvaar ons die reën asof ons dit verdien, die son wat elke oggend opkom, die verfrissende winde wat waai en die getye wat ons strande skoon spoel en die lewe in ons uitgestrekte oseane opwek. Maar al hierdie dinge is in die hand van ons liefdevolle God, in Sy voorsiening vir ons.

- https://www.bybelkennis.co.za/god-se-voorsiening/
- https://nie.co.za/2021/09/20/god-voorsien-24-verse-uit-die-bybel/

Dink bietjie:

- Hoe ervaar jy dat God jou versorg?
- Is jy dankbaar genoeg?
- Hoe wys jy jou dankbaarheid?

Vir die groepgesprek:

1. Wat sê julle van: "*Arm mense sorg beter vir mekaar as ryk mense …*"?

2. Was iemand al sommer net sonder rede vir jou goed, vertel bietjie.

3. Hoe voel jy as jy sien dat jy iets het (werk / kos / medies / pensioen) wat ander nie het nie?

Vanuit die teksgedeeltes:

1. Die hele Psalm 104 herinner ons aan God se versorging. Is ons genoeg dankbaar daarvoor? Wat dink julle?

2. Beteken Filippense 4:19 dat ons meer ontvang as wat ons moet?

3. Hoe verstaan julle Matteus 6:21, oor wat ons bymekaar moet maak en Matteus 5:13-14. Moet 'n Christen dan niks hê nie en uiters arm en nederig wees?

4. Dawid is dankbaar in Psalm 23:1-3. Wat dink julle beteken dit om aan niks 'n tekort te hê nie?

5. Wat beteken die daaglikse brood van Matteus 6:11?

6. Waarom moet ons nie bekommerd wees oor wat ons het of nie het nie (Matteus 6:25-34)

7. As julle tyd het: Kyk na die geestelike voorsiening van God en maak 'n lys: Johannes 14:27; 2 Korintiërs 1:4; 2 Timoteus1:7; Efesiërs 1:3; Filippense 4:12.

- Dink aan jou dankoffer wat 'n simbool is van dankbaarheid – die Here gee genoeg sodat jy ook kan gee.
- Julle kan as 'n groep vir iemand anders iets gee wat hulle nodig het
- Herinner mekaar aan God se goedheid
- Hoor by die koskas van die kerk wat julle as groep kan bydra (fisiese middele) om ander in hulle nood by te staan – so word jy God se kanaal van liefde en versorging!